SOSIO-EMOSIONELE ASSESSERING

Inligtingstuk

Geagte ouer en/of wettige voog

Dankie dat u Solidariteit Helpende Hand: Ons Sentrum gekies het. Ons wil graag hiermee aan u verduidelik wat die proses van sosio-emosionele assessering, waarby u kind betrek word, behels.

Die doel van ‘n sosio-emosionele assessering van ‘n kind is om verskeie sisteme in die kind se wêreld, sowel as die kind se sosio-emosionele funksionering, asook emosionele ervarings van hierdie sisteme, te evalueer. Die assessering het, voorts, ten doel om verskeie faktore, wat tot die kind se huidige ervarings bydra, te identifiseer en te verstaan, ten einde die nodige aanbevelings, wat in die beste belang van die kind moet wees, te maak (Webb,2011:61). Die assesseringsproses word onderneem vanuit ‘n stelselperspektief wat erkenning verleen dat die kind deur die stelsel, waarin hy/sy behoort, beïnvloed word – soos ook die stelsel beïnvoed word deur die individue wat daarin behoort.

Tydens die assessering sal ons ‘n holistiese benadering volg ten opsigte van die kind se funksionering in alle areas. Areas wat geëvalueer sal word, sluit, ondermeer, die volgende in:

- Skool en portuurverhoudinge;
- Verhoudinge met ouers en gesinslede;
- Kind se ervarings van die huweliksverhouding tussen die ouers;
- Ander betekenisvolle persone;
- Verhoudinge waarin die kind moontlik ongemak beleef;
- Binding;
- Oorsigtelike sifting van perseptuele- en motor funksionering;
- Oorsig vir moontlike bloodstelling aan trauma, insluitend fisiese en/of seksuele misbruik;
- Persoonlikheidfunksionering en temperament

By Solidariteit: Helpende Hand doen ons “geskiedenisvrye” assesserings. Dit impliseer dat die terapeutiese maatskaplike werker geen voorafkennis van die rede vir die verwysing, of selfs ‘n geskiedenisprofiel van u kind en/of u as ouers of voogde het nie. Ons verkies om geskiedenisvrye sosio-emosionele assesserings te doen, aangesien hierdie benadering objektiwiteit en onpartydigheid verseker.

Sodanige assessering word gewoonlik tussen drie tot vier-ure met u kind gedoen, wat oor so 3 sessies gedoen kan word.

Neem asseblief kennis dat, indien ‘n opvolgsessie gereël word, die terapeutiese maatskaplike werker nie by magte is om tussentydse terugvoering, tussen sessies, te bied nie, aangesien deurentyd gepoog word om die evaluering op ‘n geskiedenisvrye basis te voltooi.

Tydens die evaluering van u kind, sal u versoek word om ‘n oueronderhoud toe te staan. Hierdie onderhoud het ten doel om agtergrondinligting rondom die kind te versamel, aangesien dit waardevolle inligting kan bied om die kind se volle leefwêreld beter te verstaan. Ons poog om hierdie onderhoude te doen op dieselfde tyd as wat die kind se assessering gedoen word. Dit word deur ander terapeute behartig, en nie deur die terapeut wat die kind assesseer nie.

Neem asseblief kennis van die volgende:

- As standaard praktyk, word geen verslae aan ouers voorsien na afloop van ‘n assessering nie.
- Sosio-emosionele assesserings wat deur Solidariteit Helpende Hand behartig word, word geensins vir hofdoeleindes gedoen nie. selfs nie ter versoek nie.
- Terugvoering word slegs op verbale basis gedoen.
- Sosio-emosionele assesserings se hoofdoel is om aanbevelings te maak t.o.v die kind se beste belang en om ‘n terapeutiese plan te kan bepaal op grond van die inligting soos deur die kind verskaf asook vanuit kollatorale inligting.
- Ons funksioneer onder en ingevolge etiese en wetlike verpligtinge (Kinderwet & Seksuele Oortredingswet) en is gevolglik verplig om enige onthulling en/of redelike vermoede dat ‘n kind misbruik word, aan die owerhede te rapporteer.

Indien u enige verdere navrae het, skakel asseblief met Yolandi Singleton (Hoof: Ons Sentrum) deur ‘n epos te stuur aan yolandis@helpendehand.co.za